EK EN MY BOETIE

Van al die verhoudings in 'n vrou se lewe is dit waarskynlik die een waaroor die minste bohaai gemaak word. Daar word nie baie geskryf, gepraat of gelees oor die verhouding tussen 'n vrou en haar broer nie. Tog is dit 'n baie besonderse band, anders as enige ander, soos 'n vyftal vroue hier vertel.

Deur MARITA VAN DER VYVER

GLORIA EN ERROL ARENDZ

MENSE dink gewoonlik sy is die ouer suster, sê Gloria, terwyl sy in werklikheid vier jaar jonger as haar ontwerper-broer is. Waarskynlik omdat sy so beskermend teenoor hom optree – maar Errol het iemand nodig om hom te beskerm, voeg sy vinnig by.

"Ek haat dit as hy mense toelaat om hom te gebruik," verduidelik sy. "En omdat hy so saggeaard is, laat hy dit maklik toe."

Errol en Gloria Arendz is waarskynlik die bekendste broer-suster-vennootskap in die

Na bl. 16

SARIE MARAIS, 15 JULIE 1987 Foto: Fair Lady

GLORIA EN ERROL ARENDZ

Van bl. 13

land. Errol is die skepper en Gloria die organiseerder. "Ek is die sakekant, die een wat die winkel bestuur, die administrasie behartig, die klere nagaan as hulle die winkel verlaat." Dit help ook natuurlik dat sy die gesig en figuur het om haar broer se skeppings op hul beste te laat lyk.

"Errol ontwerp al my aandklere, maar deur die dag dra ek ander ontwerpers se klere. By die huis sal jy my in 'n sweetpak aantref. Ek sou graag 'n ruk lank op 'n eiland vakansie wou hou, iewers waar ek my glad nie aan klere hoef te steur nie, 'n plek waar ek niemand ken nie. Nie Mauritius nie, nee, daar sal te veel klante wees."

Gloria dra 'n rooi rok van Guildford Grace terwyl ons gesels. Haar broer, wat oor 'n uur 'n vliegtuig Johannesburg toe moet haal, warrel soos 'n wind om ons rond. Waar het sy so-en-so se mate neergeskryf, wanneer moet dié een weer kom aanpas, wat dink sy van só 'n voorstel? Gloria antwoord sag en selfversekerd, 'n prentjie van rustigheid, terwyl sy vir ons tee skink.

"Errol is geneig om paniekerig te raak," glimlag sy, "terwyl ek veronderstel is om koel en kalm te bly."

Maar sy is vol bewondering vir sy slag met klante. Hy kan 'n vrou met een kyk opsom en presies weet hoe om haar te behandel. En hy kan heerlike, gevatte geselskap wees.

As kind was sy nie so na aan haar broer soos vandag nie. Soos die meeste "middelkinders" – sy het ook 'n jonger suster – het sy soms 'n bietjie "uit" gevoel. Sy het haar broer bewonder, natuurlik, veral terwyl hy oorsee meer van ontwerp geleer het, maar dit was eintlik eers nadat hy in Kaapstad klere begin ontwerp het dat sy hom werklik leer ken het.

"Ek het hom begin help omdat ek graag wou doen 'wat Errol doen', nie noodwendig ontwerp nie, maar iets in die moderigting. Ons het alles self gedoen – knip, stik, kralewerk – ja, hy het my alles geleer. En toe word Errol deur 'n vrou 'ontdek' . . ."

Dit was in 1978. Die res van die storie ken almal wat iets van mode weet. Errol is vandag een van die bekendste ontwerpers in die land. Kleinsus Gloria, intussen getroud en ma van 'n baba, is steeds sy regterhand.

"As jy so lank saam met iemand werk, begin julle op dieselfde manier dink. Ons smaak is eenders, nie net in klere nie, maar in musiek, meubels, alles. O ja, behalwe kos. Errol eet net omdat hy moet eet, terwyl ek kos werklik geniet. Dis iets wat ek hom graag sou wou leer, om kos te waardeer."